## Wees uit eerbied vir Christus aan mekaar onderdanig

**Lees: Efesiërs 5: 21 – 32 Teks: Efesiërs 5: 21**

Ons het verlede naweek in ons kwartaal blaadjie baie gekosentreer op die huwelik, met artikels oor die Kerk as die bruid van Christus. Daar was foto's van mense in die gemeente wat onlangs getroud is en van ander wat baie jare terug getroud is.

Maar wat is 'n huwelik? Hoe moet die verhouding tussen man en vrou wees? Wat beteken dit vir die Kerk vandag?

Die huwelik is 'n instelling van God. Dit kom al van Genesis 2: 24 af en word hier in Efesiërs 5 aangehaal: Daarom sal 'n man sy pa en ma verlaat en saam met sy vrou lewe, en hulle twee sal een wees. Die 1953 vertaling gebruik die woord "aankleef". Dit beteken om iets vas te sweis.

Wat baie duidelik vanuit die Efesiër brief na vore kom is die feit dat die huwelik nou verbind is met die geloof. Dit kom daarin na vore dat eers praat Paulus van die gedagte dat ons "in Christus uitverkies is om heilig en onberispelik voor God te wees." Verder is ons uit genade gered deur die geloof (2:8) en ons word geroep om die werke wat God vir ons voorberei het doen (2: 10).

Wat ons Skriflesing aanbetref gaan dit oor die huwelik. In die eerste plek oor die vrou. Vers 22 lees dat vrouens aan hulle mans onderdanig moet wees soos aan die Here. Onderdanig wees beteken nie om iemand se slaaf te wees nie. Dit handel oor iemand wat as ondersteuning in die verhouding optree. Hulle moet hulle mans op so 'n manier ondersteun dat die man sy rol as man in die huwelik kan vervul. Sonder haar kan die man dit nie doen nie. Wat ook duidelik is, is die feit dat sy nie aan alle mans onderdanig moet wees nie. Alleen aan haar eie man.

Tweedens staan daar dat sy ook aan Christus onderdanig moet wees. Sy het 'n roeping en verpligting as gelowige vrou om in eerbied teenoor haar Verlosser, Jesus Christus, te lewe, heilig en onberispelik.

Die punt van vergelyking is die feit dat die kerk word gesien as die bruid van Christus. Ons is Sy verloofde. Ons as kerk van Christus en jy as individu vorm deel hiervan. Jou onderdanigheid aan die Here moet so wees dat Christus deur die werk van die Heilige Gees Sy werk hier op aarde kan voortsit en sorg dat Sy kerk of bruid kan groei. Daar is nog ander wat uitverkies is wat tot geloof moet kom wat nog die evangelie moet ontvang. Jy is deel van dié wat die Evangelie moet uitdra in hierdie wêreld.

Dan kom Paulus by die mans. Aan hulle word die oproep gegee om hulle vrouens lief te hê soos Christus die Kerk liefgehad het en Sy lewe daarvoor afgelê het (v25). Hierdie liefde is 'n selfopofferende liefde, waarin jy jou lewe prysgee terwille van die een wat jy liefhet.

Dit loop uit op die opdrag dat die man sy vrou moet "voed en versorg" (v30). Hy moet aan sy vrou aandag gee, sodat sy soos 'n blomtuin kan floreer en die mooiste blomme voortbring met al die liefdevolle versorging wat haar gegee word.

Dit is tog wat Christus vir Sy kerk gedoen het. Hy het alles prysgegee ter wille van Sy bruid. Hy voed en versorg dit deur sy Gees en nou nog steeds word daar na haar gekyk.

Natuurlik moet mans ook in die geloof die Here dien. Uit jou eie as man sal jy nie jou vrou kan liefhê nie. Jy sal haar nie kan voed en versorg nie. Jy sal haar nie kan vertroetel as die Gees nie aan jou die vermoeë gee om dit te doen nie.

Beteken dit dan dat vrouens hoef nie hulle mans lief te hê nie, of dat mans nie aan hulle vrouens onderdanig moet wees nie? Vers 21 is baie duidelik dat ons aan mekaar onderdanig moet wees uit eerbied vir Christus. Mans moet hulle vrouens ondersteun sodat sy haar rol as vrou kan vervul. Christus doen dit dan vir ons. Verder moet vrouens ook hulle mans liefhê. Die kerk moet haar Bruidegom liefhê, en in liefde die bereidwilligheid toon om Sy opdragte uit te voer. Hy het dan Sy lewe vir Sy bruid afgelê. Hy het Sy Goddelikheid opgeoffer en Sy lewe afgelê sodat Hy die bruidskat kon betaal. Hy het duur betaal sodat ons Sy kinders kan wees en eendag saam met Hom die ewige bruilof kan binnegaan.

**Ds. Neville Boy**

**2 September 2018**